 ink / 5 Mrt 2018

## Musiek

# Gehoor hang aan soldaat se lippe

**Die soldaat se storie. Klassieke Musiek. Fismersaal. Vandag om 20:30.**

Die kombinasie van klavier, viool en klarinet het Sondag 4 Maart vir die gehoor in die Fismersaal 'n interessante klankwêreld ontsluit. Drie jong musici, Visser Liebenberg (klarinet), Misha Melck (klavier) en Ané van Staden (viool), was op die verhoog om drie uitdagende werke te speel.

Die hoofgereg vir hierdie konsert was Strawinski se "L'Histoire du Soldat", oftewel "Die soldaat se verhaal". Maar voordat dit sou begin, is twee trio's, deur Khachaturian en Bartók, gespeel. Heelwat indrukke van volksmusiek is in dié werke te bespeur, maar telkens ontpop dit in iets uiters virtuoos.

Goeie balans tussen die instrumente is heeltyd gehandhaaf, terwyl geen sololyn ooit die ander musici oordonder het nie. Tussen die drie spelers was daar 'n goeie effek van musikale gee-en-neem.

In albei werke is dit asof klarinet en viool met mekaar gesels, met die klavier wat hulle deurgaans stuur. Van Staden en Liebenberg het hierdie gesprek aanmekaargehou met 'n kombinasie van lang, vloeiende musikale lyne en, in kontras daarmee, virtuose vertoon van tegniek wat steeds uitdrukkingsvol was.

Melck het 'n stewige bydrae tot hierdie musikale gesprek gemaak, sodat die drie spelers oorgekom het asof hulle goed op mekaar ingestel was.

Die Strawinski-hoofgereg is laaste voorgesit. Hiervoor het Niël Rademan die musici bygestaan as die verteller van die soldaat se verhaal (in Afrikaans). Hy was 'n innemende en animerende verteller – 'n mens kon sien hoe die gehoor aan sy lippe hang om die lot van die soldaat te hoor.

Soos die programboek verduidelik, is die instrumentaliste in hierdie werk die karakters van die verhaal. En soos die goeie musikale gesprek in die voorafgaande werke, het die drie musici in hierdie stuk ook hul staal gewys.

Die uiteinde was 'n pittige, meesleurende en heel genotvolle musikale verhaal. – **Wayne Muller**